

**23 April**

**Matteus 18:21-35 en 6:14 en 15**

***Hoe vergewe ons?***

Baie mense kom baie selfsugtig na God toe.

Ek hoor die beste nuus moontlik: God is lief vir my.

My Here het vir my gesterf, my vergewe!

Ja, ek aanvaar dit met my hele hart.

Maar moenie van my verwag om daardie mens wat my te na gekom het te vergewe nie.

Tog is dit presies wat God van ons verwag.

So belangrik is dit vir God dat Hy in Matteus 6:14-15 sê:

*"As julle ander mense hulle oortredings vergewe, sal julle hemelse Vader julle ook vergewe. Maar as julle ander mense nie vergewe nie, sal julle Vader julle ook nie julle oortredings vergewe nie."*

Die vergifnis wat ek ontvang het deur die kruis op Golgota, moet my dring tot vergifnis vir almal wat my te na gekom het.

Maar is dit nie skynheilig om te sê ek vergewe as ek dit nie regtig wil doen nie, as ek eerder die seer en bitter gevoel wil troetel? Is dit skynheilig om in die oggend uit die bed op te staan vir werk, skool, ens. as jy regtig nie lus is om op te staan nie? Nee, mense met 'n pligsbesef sal opstaan vir hul dagtaak al wil hulle eintlik nie. Net so sal 'n verontregte gelowige, in besef dat God dit verwag, die een vergewe wat hom of haar te na gekom het.

Mense probeer baie dinge wat seer gemaak het vergeet. Maar as jy diegene wat vir die seer verantwoordelik was nie eers vergewe nie, bly die seer in jou, en word dit bitterheid. Die Here wil hê ons moet in gebed vir Hom vra om vergifnis vir ons bitterheid en verkeerde optrede, maar ook dat ons voor Hom dié vergewe wat ons te na gekom het.

So sal ons God se vergifnis verkry en ervaar hoe Hy ons bitterheid van ons wegneem en aan ons sy vrede gee.

Dr. H.G. Stoker

(Pretoria-Sunnyside)